SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS / SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE

Privaatsak/Private Bag X0008
Verwysing / Reference 26/3/4

KANTOOR VAN DIE STASIE BEVELVOERDER
SAPD
DELMAS
2210

2010-08-05

Navrae /Enquiries
Kolonel van Tonder

Telefoon /Telephone
(013) 665-6829
Faksnommer /Fax number
(013) 665-2007

www.delmasmall.co.za

SWAK DIENSLEWERING : DELMAS POLISIE TYDENS BESIGHEIDSROOF BY DIE POSKANTOOR OP DONDERDAG 2010-08-05 08:45 : WILLOW BROOK SAKESENTRUM : DELMAS MAS 32/08/2010

Ek wil graag reageer op u berig gedateer 2010-08-05 aangaande die bewerings wat gemaak word aangaande swak dienslewering tydens die besigheidsroof by die Poskantoor in die Willowbrook Sakesentrum, Delmas.

Delmas polisiëringsgebied beslaan 1 400 km en is die gebied in drie (3) sektore verdeel, nl :

Sektor 1 : Delmas woongebied, sentrale sakesentrum, en Delpark
Sektor 2 : Botleng, en
Sektor 3 : N12, R50, R555, R42 en die omliggende plase.

Aan elke sektor is 'n polisievoertuig toegeken wat op 'n 24-uur basis verantwoordelik is vir die bywoning van klagtes en misdaadvoorkomingsdienste ten einde pro-aktief op te tree, dus is die 3 voertuie en 6 lede verantwoordelik om aandag te gee aan klagtes in die Delmas polisiëringsgebied.

Die lede is gedurig in radioverbinding met mekaar ten einde mekaar operasioneel te ondersteun indien ernstige misdaad in 'n spesifieke sektor aangemeld word.

Aan elke sektor is 'n sektorbestuurder aangewys , nl. :
Sektor 1 : Adj off Ben Wepener
Sektor 2 : Adj off George Muller
Sektor 3 : Kaptein Johan Grobler

Op elke aflossing is 'n Kaptein aangewys as skofbevelvoerder, nl. :
A-aflossing : Kapt Nkoana
B-aflossing : Kapt(v) Klopper
C-aflossing : Kapt (v) Maseko
D-aflossing : Kapt Maseko

Hierdie offisiere is aangestel om bevel en beheer oor die lede onder hulle bevel uit te oefen. Gemelde offisiere het 'n baie belangrike taak om te verrig en onder andere verantwoordelik vir die volgende :

* Monitering van die bywoning van klagtes;
* Vinnige afhandeling van klagtes;
* Verklarings vinnig, doeltreffend voltooi en behoorlik afgeneem word;
* Doeltreffende aanwending en ontplooiing van personeel en voertuie in ooreenstemming met die behoeftes en misdaadtendense in die omgewing, ens.

(Ek het maar net 'n paar pligte uitgelig.)

Dit is baie belangrik vir die publiek om te weet wie die aangewysde sektorbestuurders en skofbevelvoerders is, veral na-ure wanneer die publiek enige probleme ondervind.

Op Donderdag 2010-08-05 om ongeveer 08:55 was A/O Wepener in sy kantoor besig met administratiewe dienste toe hy 'n "panic" alarm op sy selfoon ontvang het, by winkel 25, Willowbrook Sakesentrum. Die alarm was gestuur vanaf FNB.

A/O Wepener het onmiddelik per handradio vanuit sy kantoor die radiokamer gekontak en A/O Maluleka meegedeel om Sektor 1 se polisievoertuig na die alarm te stuur. Op daardie stadium was A/O Mphuti in Sektor 1 besig om 'n doodsberig af te lewer by Maritzlaan nr 4 Delmas.

A/O Wepener en A/O Muller het onmiddelik vanaf die polisiestasie vertrek na FNB om die noodalarm by te woon. Op daardie stadium het niemand nog die polisiestasie gekontak om 'n rooftog by die Poskantoor aan te meld nie.

Terselfdertyd het 'n swartman genaam Masiya die radiokamer in die polisiestasie gekontak en meegedeel dat 'n Range Rover, groen in kleur, besig was om 'n wit Isuzu bakkie te kaap op die N12 hoofweg en dat die insittendes gewapen is.

Die radiokamer het onmiddelik die voertuig in sektor 2 per radio gekontak en meegedeel om baie dringend aandag aan die klagte te skenk. 'n Voertuig van Blitspatrollie, Secunda, was ook in die omgewing in Sektor 3 met patrollies besig en het ook die nodige ondersteuning gegee.

Die telefoonoproep wat na die radiokamer gemaak is, was 'n vals boodskap ten einde die polisie op 'n vals spoor te bring ten einde die kriminele die geleentheid te kon gee om hul beplande rooftog by die Poskantoor suksesvol tot uitvoering te bring.

Om ongeveer 09:05 het die operateur in die radiokamer onderskeidelik twee (2) oproepe na mekaar ontvang vanaf Maksimum Sekuriteit asook 'n ene Petros van 'n alarm maatskappy in Pretoria en ingelig aangaande 'n besigheidsroof wat plaasgevind het by die Poskantoor in Willowbrook Sakesentrum.

'n Beskrywing van die volgende voertuie is ook verskaf met registrasienommers wat in die roof gebruik is, nl.

* Mazda Etude, reg nr YNW 842GP (voertuig is as gesteel aangemeld in Johannesburg Sentraal SAP) soos per MAS 1276/07/2010.
* Honda Ballade, rooi in kleur, reg nr LIN 395GP. (Voertuig is ook gesteel aangemeld in Sophiatown Johannesburg), soos per MAS 710/11/2009, en dat die voertuie in Smitstraat opgemerk is.

Intussen het al die polisievoertuie hul gekonsentreer op die verdagte motorvoertuie met rowers op die N12 hoofweg asook die in Smitstraat, Delmas.

Volgens CCTV opnames beskikbaar het die eerste verdagte voertuig 08:43, en die tweede verdagte voertuig om 08:49 die sakesentrum in die rigting van die Poskantoor genader.

Om 08:53 het beide voertuie die sakesentrum verlaat en was die rooftog afgehandel. Hierdie was 'n baie goedbeplande rooftog.

Die voertuie is later verlate gevind en volgens ooggetuies het die verdagtes oorgeklim in 'n wit minibussie, wat die dorp daarna teen 'n hoë spoed verlaat het. Die gesteelde voertuie is later deur vingerafdrukdeskundiges ondersoek en na die polisiestasie ingesleep.

Ek het persoonlik telefonies Kaptein Jacobs, verbonde aan die Delmas Speurtak, gekontak om die misdaadtoneel by die Poskantoor by te woon.

Dit is standaard Operasionele Prosedure om nie direk na die toneel te jaag nie aangesien die roof reeds plaasgevind het, maar om eerder op die moontlike ontsnaproetes uit te beweeg, ten einde die rowers op te spoor en te arresteer.

Nadat ek 'n behoorlike ondersoek gedoen het, is ek van mening dat die Polisie van Delmas baie vinnig opgetree het in 'n poging om die rowers aan te keer, maar dat die misdaadtoneel, veral die slagoffers van die misdaad, nie die nodige ondersteuning vanaf die SAP verkry het nie.

Hier wil ek veral vir Pastoor Wouter van der Merwe bedank vir sy professionele optrede en ondersteuning wat hy aan die slagoffers verleen het.

Hierdie probleem sal eersdaags aangespreek word met die opening van die Slagofferhulpsentrum by die polisiestasie waar plaaslike beraders die polisie op 'n vrywillige basis behulpsaam gaan wees met traumaberading. Die bekendstelling/loods van die Trauma sentrum vind op Dinsdag 8 September 2010 plaas met Pastoor Daniël Badenhorst wat die projek sal dryf.

Delmas Polisie het in samewerking met die besighede 'n "Besigheid teen Misdaad Forum" (BAC) gestig wat op 'n maandelikse basis vergader en op die huidige stadium baie swak bygewoon word. Dit is vir my as Bevelvoerder 'n saak van erns weens die swak bywoning.

Delmas-Wes (Sektor 1) het 'n Sektor Misdaad Forum wat baie aktief is en op 'n maandelikse basis vergader. Me. Heleen Coombe is tans die Voorsitter van die vergadering en hanteer dit op 'n baie puik professionele wyse.

Ek doen graag 'n beroep op die gemeenskap om asb aktief by hierdie forums in te skakel. Alle positiewe insette sal waardeer word.

Delmas Polisie se eie webblad is tans onder ontwikkeling en sal eersdaags in werking wees met 'n direkte skakel na delmasmall.co.za. Die webblad kan gevind word by www.delmassaps.co.za

Delmas Polisie streef ten alle tye daarna om 'n flinke diens aan die gemeenskap van Delmas te lewer en om goeie gesonde verhoudings te handhaaf.

Ek wil graag weereens die volgende telefoonnommers onder die gemeenskap se aandag bring ten einde die Delmas polisiestasie te kontak in geval van nood :

013 665 6825
013 665 6826
013 665 6820

Die Stasiebevelvoerder kan direk gekontak word by tel nr 013 665 6829 (kantoor-ure)

"The deepest craving of human nature is the need to be appreciated"

Die Uwe,

KOLONEL
STASIE BEVELVOERDER DELMAS
J. M VAN TONDER